

Dis 'n plasie met 'n eie klein geskiedenis en met 'n groot teenwoordigheid. Elkeen wat al 'n onthaal op Johannesburg 1207 bygewoon het of 'n paar dae hier vertoef het, sal dit kan bevestig. Dis uit die boonste rakke!



HIERDIE BLADSY, VAN REGS BO: Dané Erwee en René Slee het feitlik uitsluitlik van herwonne meubels gebruik gemaak; daar is net soveel aandag aan die afwerking van die badkamers en toilette bestee as aan die res van die gebou; die uitsig vanaf Johannesburg 1207 oor die Hottentotshollandberge is ongeëwenaard; twee van die suites en die tweeslaapkamerhuisie, elk met hul eie stoep, loop uit op 'n beskutte binnehof met 'n lieflike lang swembad.



'N DROOMBESTEMMING

HIERDIE BLADSY: Die boonste verdieping van die ou struktuur van Johannesburg 1207 is gesloop en heeltemal herbou om 'n groot onthaalruimte te skep waar tot twee honderd mense gemaklik kan byeenkom en daar selfs 'n area vir 'n dansvloer is.

JOHANNESDAL 1207 is 'n pragtige klein plasie in die hart van die wynlande, in die Banoekvallei. Hierdie plasie was deel van grond wat in 1842 aan bevryde slawe toegeken is om met blomme, groente en vrugte te boer. Die ligging op die Helshoogtepad, tussen Stellenbosch en Franschhoek, is ideaal; die uitsig daarvandaan oor die Hottentotshollandberge ongeëwenaard.

Toe hierdie plasie in Maart 2018 te koop aangebied is, het Chris Willemsen en Dané Erwee 'n paar vriende oorreed om dit saam met hulle te koop en te ontwikkel. Die groep se droom was om Johannesburg 1207 tot 'n baie spesiale gasteplaas te ontwikkel, een waar

onthale ook aangebied sou kon word, met alle fasiliteite indien nodig vir eksklusiewe gebruik gereserveer.

Hulle wou wegbreek van die voorspelbare in die gasvryheidsbedryf. Daarom moes die argitektuur uitsonderlik wees, die interieur verrassend, die akkommodasie luuks en die tuine pragtig.

Een van die vennote, die argitek Johann Slee, het dadelik al die moontlikhede van die bestaande geboue en terrasse ingesien. Hulle kon verder uitgebrei en benut word. Die 'geraamte' was reeds daar, en al het dit baie aandag en verandering nodig gehad, was die gees reg.

Johann se grootste uitdaging was om uit al die baie kamers en gange orde te skep. Daar moes ruimtes wees vir kleiner onthale, sowel as 'n groot saal waar tot twee honderd mense gemaklik kon saamkom.

Om die groot onthaalruimte te skep, is die boonste verdieping van die ou struktuur heeltemal gesloop en herbou. Die ruimte, 'Johannesdal Hal', het 'n onbelemmerde uitsig op die omliggende berge, met reusevensters en deure wat op 'n mooi dag weggeskuif kan word om die buitekant na binne te bring.

Die houtbekleding van die mure en plafonne van die hoofgebou en die gepoleerde klompvloere is só gekies om die groot ruimtes gesellig en verwelkomend te maak. Die voorkoms van die aangrensende ruim kombuis en die pragtige kledkamers het net soveel aandag as die res van die gebou ontvang.

TRAPPE VAN VERGELYKING

By die hoofingang stap jy met trappe af na die onderste verdieping met sy twee kleiner onthaalruimtes.

Die een vertrek dien as 'n wegbreekruimte waar gaste saam om 'n tafel kan kuier of net kan gaan sit en ontspan. Dié kamer het 'n botaniese tema en is behang met verruklike

■ CARLA SCHNETLER



collages wat Dané uit plantmateriaal geskep het. Dit loop uit op 'n beskutte, toegeranke stoep wat oor die swembadbinnehof uitkyk.

Die ander ongewone onthaalruimte onder, is die 'Blou kamer', met sy groot glasdeure wat oopmaak op 'n terras onder 'n reuse-eikeboom, die ideale plek vir skemerkelkies. Hierdie vertrek, in Frida Kahlo-blou, is meerdoelig en kan ook as diskoteek gebruik word.

Omdat baie van die 'venues' in die wynlandgebied tussen bewoonde plase geleë is, moet musiek halfwaalf saans afgeskakel word. Vir twee van die beleggersvriende – Benoit Thomas en Louis Orlianges, Franse wat hulle so twee jaar gelede in die vallei kom vestig het – was dit ondenkbaar dat feesvierings al vroeggaand tot 'n einde moet kom. Daar moes 'n plan gemaak word! Die 'Blou kamer' het die oplossing gebied. As die deure en vensters toegemaak word, is dit 'n klankdigte diskoteek waar partytjiegangers ongestoord dwarsdeur die nag kan musiek speel en dans.


Onder leiding van Chris en Dané, die eienaars van Okasie-blomwinkel op Stellenbosch, is die groot tuin in verskeie kamers verdeel wat dit baie vriendelik en toeganklik maak. Die bestaande terrasse is omskep in verskeie groter en kleiner buite-onthaalruimtes, wat veral nou tydens die Covid-19-pandemie, baie goed te pas kom.

Die lang swembad in die binnehof is geresoureer en die grasperke opgeknip. Die tuin se heiningplante en groot bome wat al etlike jare oud is, is deeglik en met 'n moderne aanslag gesnoei. Terrasse is oopgestoot om 'n groot parkeerterrein te skep, besproeiing van die boorgat af aangelê en nuwe blombeddings en vrugteboorde oral gevestig, ook om die geskiedenis van hierdie plaas in ere te hou.

WEGBREEKRUIWTE

Buiten al die onthaalgiewe wat dit bied, is Johannesburg 1207 ook 'n plek waarheen vriende vir 'n paar dae kan wegbreek om heerlik in die hart van die wynlande te ontspan.

Vier pragtige suites en een tweeslaapkamerhuisie, elkeen met sy eie stoep, bied slaapplek aan 12 gaste. René Slee en Dané, met hul kenmerkende 'bymeekaargooistyl' en sin vir fyn besonderhede, het die kamers elkeen 'n eie persoonlikheid gegee.



Die gesellige tweeslaapkamerhuisie ('Pietmy-vrou') en twee van die suites ('Waterlelie' en 'Matisse') loop uit op die swembadbinnehof. So 'n bietjie eenkant, vir gaste wat meer privaat wil wees, lê 'Blou disa' met sy eie klein swembadje en ruim stoep. 'Kardamom' is knus in 'n vrugteboord geleë, met 'n kaggel, private tuintjie en 'n pragtige uitsig op die berge.

Daar is nog baie drome vir Johannesburg 1207. Die nuwe eienaars sluit in tuiniers, blomkunsenaars, 'n argitek, binneversierders, 'n IT-spesialis, ouditeur, veerarts en 'n tydskrifredakteur. Almal is bereid om in te spring en hand by te sit met hul eie vaardighede om van Johannesburg 1207 'n plek te maak waarvoor ander ook kan droom. **V**

Vir meer inligting omtrent Johannesburg 1207 stuur 'n epos aan: manager@johannesdal1207.co.za of enquiries@johannesdal.co.za